

Inhoud. Die openbaring van die Here as Herder maak Hom bekend in sy omvattende sorg. Die geloof in hierdie omvattende sorg word bely met die woorde: Ek kom niks kort nie.

Skriflesing Psalm 23; 1 Korintiërs 1: 19 – 23; 54-57.

Teksvers: Psalm 23 vers 1: 1: “Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie.

Tema: Die Here Jesus is ons Herder vir ewig

1. Die hele evangelie word in Psalm 23 in 5 woorde kragtig en volledig opgesom: die Here is my Herder.

In hierdie kort sin word God se volledige en omvattende sorg vir sy kinders openbaar. God is liefdevol en voorsienend altyd besig om sy kinders omvattend te versorg.

Herder!

Met hierdie beeld vir God sluit Dawid baie spesifieke opvatting oor God uit. Die Here is nie ons morele en geestelike leier nie. Geestelike en morele leiers is maar net mense wat vir jou wil vertel wat jy moet doen en hoe jy moet leef.

Die Here openbaar Hom as Herder.

Hy is die een wat sorg vir dit waarvoor ons nie kan sorg nie. Hy is die Een wat voorsien in dit wat ons nie eers kan bedink vir wat ons nodig het nie.

Herder beteken Hy het die krag om te bewerk wat Hy gee. Wanneer die Here ons versorg moet Hy nie iewers iets gaan leen, koop of verkry om te sorg nie. Hy is die Skepper. Hy maak alles waarmee Hy ons volledige versorg.

Hy maak nie op iemand anders staat of moet iewers krag vandaan kry om te sorg nie. Die Here is my Herder, openbaar dat Hy uit sy Almagtigheid en sy Alomteenwoordigheid self alles maak vir omvattende sorg.

2. Die openbaring van die Here as Herder wys nog meer. Dit wys dat God nie net voorsien wat nodig is nie, maar teenwoordig is om alles wat nodig is self mee te deel.

Hy maak nie net groen weivelde nie. Hy lei my na groen weivelde. Hy skep nie net waters waar rus is nie. Hy bring my na waters waar rus is. Hy wys my nie die regte

Die Here Jesus is ons Herder vir ewig

pad nie. Hy vat my saam met Hom op die regte pad. Hy gee ons nie net krag vir die doodsvalleie nie. Hy is self met ons in die doodsvalleie.

Hierdie openbaring van God se omvattend sorg word met net so kort en kragtige geloofsbelydenis geantwoord: Ek kom niks kort nie. Hierdie geloofsbelydenis is die openbare verklaring van die vaste vertroue in die genoegsaamheid van God se omvattend sorg.

Die belydenis “Ek kom niks kort nie”, is nie ’n verklaring van die selftevredenheid van iemand wat alles gekry het wat sy hart begeer het nie.

Dit is waarskynlik dat Dawid hierdie Psalm geskryf het juis in ’n tyd soos Saul se vervolging. ’n Tyd waarin hy van een wildernis na die ander onherbergsame plek moet vlug vir sy lewe vir ’n jaloerse koning.

Dawid was ’n krygsheer, in ons taal ’n veggeneraal. Daarom stel hy dat die Here se Herderskap juis teenoor die vyandskap van sy teenstanders. Daarom verklaar Dawid hierdie vertroue in God juis in ’n lewe waar sy vriende en volgelinge in gewapende stryd sterf.

In hierdie swerwersbestaan, verlies en swaarkry verklaar Dawid: Ek kom niks kort nie. Dit is alles behalwe die selftevredenheid van ’n mens wie se hartsbegeertes almal vervul is, wat alles gekry het wat hy wou gehad het, soos hy dit wou gehad het.

3. Daarom is die openbaring van die Here as Herder die vaste kennis waarop ons vas kan vertrou dat God self as Skepper en Vader ons alles meedeel wat vir ’n lewe in sy diens en binne sy liefde nodig is.

Martiens se dood gryp diep in op hierdie geloofsbelydenis: ek kom niks kort nie.

Alles wat ons nou ervaar roep juis die teendeel uit. Ek kon niks keer nie, ek kon nie help nie en ek kan nie meer vir hom sorg nie. Dit voel vir ons asof hy in sy isolasie in die hospitaal alles gekort het en ons daarteenoor net hulpeloos gestaan en kyk het na sy gebrek aan sorg. Vir onself is dit ook moeilik om hierdie geloofsbelydenis te kan maak: “ek kom niks kort nie”, want in ons verlies van hom in ons lewe voel dit of alles kort.

4. Deel van hierdie verwesenheid wat ons in Martiens en onself ervaar verwoord Paulus in die stelling in 1 Kor. 15:16. “As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense.”

Wat bedoel Paulus met hierdie stelling?

Die Here Jesus is ons Herder vir ewig

Hierdie stelling gaan juis oor die omvattende sorg van die Herder.

Kan u dink hoe verwese is jy wanneer jy in lewe die Here as jou Herder geken het wat jy omvattend versorg het: jou self na groen weivelde gelei het; self jou na waters waar rus is gelei het; self met jou in doodsvalleie was en jou beskerm en bewaar het; jou self in jou lewe in sy goedheid en guns laat leef het deur jou al jou sonde altyd te vergewe.

En dan?

Dan verloor jy alles!

Dit is wat Paulus met die stelling bedoel: dan is ons die bejammerenswaardigste van alle mense. Want alle mense wat sonder God leef sterf, verloor net mooi niks deur die dood nie.

Maar wanneer ek wat deur my lewe God as Herder gehad het en geken het, in sy omvattende sorg, liefde, goedheid, barmhartigheid en genade elke dag geleef het, en dan met my dood die Here as my Herder verloor, dan is die dood totale verwesenheid, verlate van die Herder van my lewe.

Om eers sy liefde te ken en dit dan vir altyd te verloor,
Om eers deel van sy sorg te wees en dan buite sy sorg te staan,
Om eers in sy goedheid en guns te leef, en dan deur die dood sy goedheid en guns te verloor,

is jy baie erger en meer bejammerenswaardig as om dit nooit te geken of te gedeel het nie.

5. Teenoor hierdie waanbeeld kondig Paulus dan Jesus Christus se Herderskap aan: Christus is die eersteling van gesterf het.

Jesus is die Goeie Herder wat self deur die dood gaan. Die Here is nie maar net nog 'n geestelike wat vir jou vertel wat om te doen as iemand doodgaan of nog erger, hoe om dood te gaan nie.

Hierdie Goeie Herder is met ons in die vallei van die dood self.

Nie as een wat saam met ons dood is nie. Hy is met ons in die dood as die eersteling wat uit die dood uit opgestaan het.

Hierdie dood van Christus waaruit Hy opgestaan het, is die dood met sy engel. Die engel van die dood is die sonde. Die engel van Christus se dood is dat Hy in sy dood alles verloor het.

Die Here Jesus is ons Herder vir ewig

6. Daarom het Hy aan die kruis die verklaring gemaak: "My God, my God, waarom het U my verlaat." Met hierdie verklaring openbaar die Here wat is die angel van sy dood.

Hy die Seun wat in God se liefde geleef het, verloor hierdie liefde in die dood.
Hy die Seun wat in die Vader se guns geleef het, verloor hierdie guns in sy dood.
Hy die Seun wat in die welbehae van die Vader ingesluit was, verloor hierdie welbehae.

Maar dit is nie die desperate kreet van die Here wat in die verwesenheid van die dood wegraak nie. Die is die magswoord van die Here wat die Goeie Herder is. Hy gaan as Herder die dood in en staan weer as Herder uit die dood op.

In die dood in om alle verlies self te vra sodat in die dood ons niks van sy omvattende sorg verloor nie.

Uit die dood uit sodat Hy vir ons 'n nuwe lewe skep waarin ons na liggaam, siel en gees weer in die omvattende sorg van die Goeie Herder sal leef.

7. Wat het die Here in sy graf agter gelos?

Nie sy siel as mens nie,
Sy gees? Nie sy gees as mens nie,
Sy Liggaam? En ook nie sy liggaam as mens nie.
Niks het agter gebly nie.

Die Goeie Herder het deur die dood heengegaan om weer volkome mens in sy Vader se omvattend sorg te wees.

Só is Christus Herder. Hy het die dood oorwin. Hy is nie ons metgesel waar Hy soos ons almal dan net tot by die graf gaan nie. Hy is Herder in die dood en deur die dood op so wyse dat die dood nie meer die angel het om ons godverlate te laat wees nie.

Ons deel hierdie oorwinning:

nie net God by my in die dood nie, maar die Herder wat my weer heel na liggaam, siel en gees as mens binne sy nuwe skepping sal laat leef. Omvattend versorg in die heelheid van ons menswees!

Die Here is nie ons geestelike leier en mentor op pad na die graf en met hulle wat na die graf met die lewe moet voortgaan nie. Die Here is die Goeie Herder wat ons in en deur die dood in sy omvattend sorg hou.

Die Here Jesus is ons Herder vir ewig

Daarom kan Paulus hierdie Herderskap so besing in Romeine 8:

Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enige iets anders in hierdie skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Want hierdie Here is my Herder. Ek kom niks kort nie!

Christus gee aan Dawid se geloofsbelydenis in vers 6 sy volle betekenis: “U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae.” Hoe lank sal ek leef en hoe lank is lengte van dae? Vir Martiens is dit ewig. Want hy leef vir ewig met Christus. Christus het Homself vir Martiens sy ewige tuiste gemaak sodat hy vir ewig tuis is in die liefde en sorg van die Here.

8. Kom ons glo dit vir Martiens.

Ons mag nie nou vaskyk teen Martiens se dood nie. Met sy dood kan ons nou maklik voel maar alles kort nou. In hierdie vaskyk in wat ons gesien het en nou sien, kan ons maklik voel maar nou is hy buite die omvattende sorg van die Here wat Herder is.

Ons kan maklik voel dat die Here as Herder net nie daar was toe dit nodig was nie of nou dat dit nodig is nie.

Dan kyk ons na die mag van die dood vas. Ons mag nie teen die mag van die dood vaskyk nie. Ons moet kyk na die oorwinning van die dood en dit is die Herder wat deur die dood heengegaan het.

In die dood van Martiens se liggaam is sy siel en gees nie weg nie, want die dood kan hom nie van sy Herder skei nie. En die Herder sal hom weer 'n liggaam gee sodat sy eie graf leeg sal wees nes die Here sin.

Hierdie Herder sorg volledig en omvattend. Martiens kort niks nie. Daarom hoef ons niks te sê in ons eie magteloosheid nie. Ons hoef nie te probeer om te sorg waar ons nie kan sorg nie. Die Herder sorg.

10. Dit geld ook vir ons wat in die verlies van Martiens se liefde, teenwoordigheid en sorg moet lewe.

Kan God vir ons in hierdie verlies en gebrokenheid nog steeds so God wees dat ek hierdie vertrouwe teenoor God kan uitspreek: Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie?

Die Here Jesus is ons Herder vir ewig

Dawid kon dit sê terwyl hy moes swerf van een grot na die ander woestyn, van een vreemde stad na die ander vreemde gemeenskap vir sy eie koning se moordlus.

Dawid kon dit as veggeneraal bely terwyl hy in die verlies van vriende en kamerade en sy eie dreigende dood gestaan het,

God sorg omvattend in sy troue liefde: Hy bewerk my goedheid en deel my sy guns en trou mee.

11. Dit is in die hoop op die nuwe skepping waar God ons heel en volkome sal laat wees in 'n nuwe skepping.

Die verlies in hierdie dood is nie vir altyd nie. Martiens kan nie vir altyd vir ons verlore wees of ons vir hom nie. Ons is elkeen bestem om weer heel en volkome mens vir mekaar en God te wees. Daarvoor het die Herder deur die dood gegaan, om hierdie toekoms vir ons te skep.

Ons verlies leef nie in die krag van 'n vaarwel nie, maar in die krag van 'n weersiens. Ons moet in hierdie hoop leef, want dan sal ons weer die krag om lief te hê. Ons kan verlies dra, afskeid neem en nog steeds in liefde leef. Kan ons in afwesigheid leef sonder die vrees om weer seer te kry.

Ons het die krag om altyd liefde te gee en liefde te ontvang.

Want die liefde wat ons gee is nooit verlore liefde nie en die liefde wat ons ontvang is nooit net tydelik nie. Ons liefde het in en deur die Herder, Jesus Christus 'n ewigheidswaarde – ons sal vir ewig tuiswees in die liefde en sorg van ons Herder.

En dit is hoe liefde moet wees. Liefde vergaan nooit nie. Christus het dit vir ons behoue laat wees in sy opstanding uit die dood,

Die Here is ons Herder vir ewig, ons kom tot in ewigheid niks kort nie.